

GEMEENTE. SUPPLEMENT 2

[OPSTANDING] TEORIEË OOR LEWE NA DIE DOOD EN MARIOLOGIE

Die Bybel leer duidelik die volgende waarhede oor die lewe na die dood.

In Johannes 3:13 sê Jesus: “Niemand op die aarde was al in die hemel nie behalwe Hy wat uit die hemel gekom het, naamlik die Seun van die Mens.” Alleen Jesus Christus is uit die hemel neergedaal na die aarde toe en alleen Jesus Christus het weer opgevaar na die hemel toe (Efesiërs 4:9-10)¹. Alleen Jesus weet wat in die hemel aangaan! Wat daar besluit word en wat daar gebeur lê volkome buite bereik van menslike kennis totdat dit aan mense geopenbaar word. Alleen Jesus Christus ken God se plan van verlossing. Alleen Jesus Christus openbaar God se plan van verlossing aan die mense en voer dit uit op die aarde (vgl. Matteus 11:25-27; Openbaring 5:1-5)!

- Die Bybel leer dat 'n mens ‘n *lewende siel* (Hebreeus: nefesh chajah) is wat bestaan uit 'n sigbare liggaam en 'n onsigbare gees.
 - Die menslike gees is onsterflik en leef voort na die afsterwe van die menslike liggaam. God het die ewigheid in die hart van die mens gelê (Prediker 3:11)
 - Die gees van die Christen gaan na sy dood onmiddellik na die hemel (Filippense 1:23); is volkome bewus van ander in die hemel, herken ander (Christus) in die hemel en het gelyk geword aan die menslike gees van Jesus Christus geworden (1 Johannes 3:2). Maar die gees van 'n gestorwe persoon kan geen kontak maak met lewende mense op die aarde nie (Prediker 9:5,6,10).
 - Die liggaam van die gestorwe Christen sal by die wederkoms van Christus uit die dood opstaan en gelykvormig wees aan die verheerlikte liggaam van Christus (Filippense 3:21).
- (Vergelyk ook handleiding 6, les 23 en supplement 5 – Die verhouding tot die gestorwe voorvaders).

WEERLEGGING VAN ONBYBELSE TEORIEË OOR WAT MET DIE MENS NA DIE DOOD GEBEUR.

A. DIE ONDERWÊRELD-TEORIE

1. Die onderwêreld-teorie is nie Bybels nie.

Die onderwêreld word in die Ou-Testamentiese Hebreeus ‘Sheol’ en in die Nuwe-Testamentiese Grieks ‘Hades’ genoem. Sheol of Hades is die verblyf van alle gestorwe mense, maak nie saak of hulle ongelowiges of gelowiges is nie. Die onderwêreldteorie bestaan in twee vorms:

(1) Die eerste onderwêreld-teorie ('n neutrale plek).

Wanneer regverdige mense sowel as onregverdige mense sterf, daal hulle liggaam en gees (siel) na 'n letterlike plek onder die aarde, genaamd Sheol of Hades. Hierdie plek is iewers onder die aarde en is 'n neutrale plek. Dit is 'n vervelige plek van skaduwees, 'n plek waar vergeet word, waar mense gedoem is tot 'n bestaan wat maar 'n weerspieëling van die lewe op aarde is. Daar is geen morele bewussyn nie, geen aktiwiteit en geen vreugde in die onderwêreld nie. De onderwêreld is ook geen plek van beloning of bestraffing nie.

'n Aantal ander godsdienste glo dit ook. Hulle glo dat mense in die onderwêreld leef soos mense op die aarde. Hulle glo dat hierdie gestorwe mense geld, huise, voedsel, kleding en ander aardse weelde nodig het om in die onderwêreld te kan voortbestaan en dat hulle agtergeblewe familieledes hierdie dinge moet voorsien.

(2) Die tweede onderwêreld-teorie ('n plek met twee afdelings).

Die onderwêreld is geen neutrale plek nie, maar bestaan uit twee dele: die Paradys vir die regverdiges en Gehenna vir die onregverdiges. Tot die laaste oordeelsdag geniet die regverdiges 'n klein bietjie geluk in die Paradys, terwyl die onregverdiges 'n klein bietjie gestraf word in Gehenna.

Één groep glo dat die Paradys nét vir Jode is. 'n Ander groep glo dat die Paradys net vir Jode is wat die wet onderhou het en dat alle ander Jode en nie-Jode (heidene) na Gehenna gaan. Hulle glo dat wanneer die Messias kom Hy alle Jode uit die onderwêreld sal red, maar alle nie-Jode (heidene) vir ewig in die onderwêreld ('n duistere plek) sal vashou.

'n Bepaalde groep Christene glo dat Christene vóór die hemelvaart van Christus na die Paradys gegaan het, maar ná sy hemelvaart na die hemel toe gaan.

Maar die onderwêreld-teorie is nie Bybels nie!

¹ “Byna dood” ervarings waarin mense beweer dat hulle in die hemel of in die hel gewees was en dan die hemel of die hel beskrywe, is dus leuens! Jesus Christus kan wel in 'n visioen of droom aan mense verskyn. Maar alleen Jesus Christus weet hoe die hemel lyk (Matteus 11:27; Johannes 3:13)!

2. Die Bybelse leer oor die onderwêreld (Sheol of Hades).

Die woord ‘Sheol’ of ‘Hades’ het nie altyd dieselfde betekenis in elke Bybelgedeelte nie. Die woord beskryf drie verskillende aspekte van die dood.

- **Figuurlik** beskryf dit *die toestand van die dood*.
- **Letterlik** beskryf dit *die plek van die oorledene* wat die graf kan wees en waar die liggaam van die regverdige en die onregverdige heen gaan,
- **Letterlik** beskryf dit ook *die hel* waar die gees (siel) van alleen die onregverdiges heen gaan.

Die konteks van die Bybelgedeelte bepaal watter betekenis bedoel word. In die konteks van Lukas 16:19-31 kan die woord net ‘hel’ beteken.

(1) Die woord Sheol of Hades beteken soms *die toestand van die dood*.

Sheol of Hades is die toestand waarin die gees (siel) van die menslike liggaam geskei is.

Die toestand van die dood is ’n sterk vesting met hekke. In die Bybel word die toestand van die dood dikwels beskou as ’n plek, die verblyfplek van dooie mense. Dit word beskou as ’n sterk fort met hekke wat Christus alleen kan oopsluit (Matteus 16:18; Openbaring 1:18). Dit is waarskynlik gebaseer op ’n veralgemening van die gedagte van die graf (’n terugkeer tot stof), waarin alle mense neerdaal in die toestand van die dood (Prediker 3:19-21). Aangesien beide Christene en nie-Christene begrawe word as hulle gesterf het, kan dit figuurlik gesê word dat daar geen onderskeid tussen mense in Sheol (Hades) is nie (Prediker 9:2-3). Die HERE maak dood en maak lewend, Hy laat in Sheol (die toestand van die dood) neerdaal en Hy laat *daaruit* opkom” (1 Samuel 2:6). Hierdie neerdaling in Sheol of Hades as die toestand van die dood word gevind in die volgende Bybelgedeeltes: Job 14:13-14; 17:13-14; Psalm 89:49; Hosea 13:14; Handeling 2:27,31; en verpersoonlik in Openbaring 6:8; 20:28.

’n Paar Bybelgedeeltes soos Psalm 16:10, 30:4, 49:15-16 en 89:49 praat van siele wat neerdaal in Sheol of in Sheol/Hades is. Maar dit is bekend dat in die Hebreeuse taal ’n persoonlike naamwoord ‘my’ saam met die selfstandige naamwoord ‘siel’ (Hebreeus: nephesh) ’n figuurlike uitdrukking is vir: ‘my’ (of ek). Byvoorbeeld, Psalm 89:49 sê: “Watter mens leef daar wat die dood nie sal sien nie, wat sy siel sal kan red uit die mag van die doderyk (Sheol)? Dit beteken: “Watter mens kan hom red van die toestand van die dood?” Spreuke 23:13-14 sê dat as jy ’n kind met ’n roede (AOV) straf, jy sy siel van Sheol red. Dit beteken dat ’n gepaste straf ’n kind van ’n vroegtydige dood (*die toestand van die dood*) red of sy siel (*gees*) van die hel red.

Die toestand van die dood is ’n sombere/duistere en hopelose plek. God se openbaring aangaande die toestand van die mens tussen sy dood en sy opstanding was baie onvolledig in die Ou Testament. Sommige mense beskou die toestand van die dood waarin die liggaam in die graf vergaan as ’n baie sombere/duistere plek. In Job 7:9-10, 10:19-22, 16:22 en 17:7-16, beskryf Job sy siening van die dood. Sheol as die toestand van dood is ’n plek waarvandaan jy nie terugkeer (na hierdie teenwoordige aarde) nie, die land van duisternis en doodskaduwees. Die doderyk word beskryf as die plek waar die oorlede persoon in duisternis lê, as ’n intieme verhouding met die wurms en verrotting, en as ’n plek agter geslote hekke, waarheen die oorlede persoon met al sy planne, verlangens en hoop afdaal.

In Job 14:7-11, beskou Job Sheol (die toestand van die dood) as iets hopeloos: plante en bome gaan dood, maar elke jaar spruit hulle weer uit en produseer hulle nuwe lote! Maar ’n mens sterf en keer nooit weer terug na die lewe op hierdie teenwoordige aarde nie. Die lewe van die mens is begrens (beperk) en in teenstelling met die plante en die bome het hy maar één kans om op die aarde te lewe!

Maar in die Ou Testament is daar hoop op lewe na die toestand van die dood. Dan in Job 14:12-17 druk Job ’n wens/begeerte uit. Sou dit kon wees dat ’n mens ’n kans het op lewe aan die ander kant van die dood? Sou God ’n grens (beperking) gestel het vir die dood en ’n mens tydens die toestand van die dood verberg totdat die teenwoordige hemel en aarde verbygegaan het? Sou God hom dan roep, hom uit die slaap wakker maak en hom laat opstaan uit Sheol (die toestand van die dood)? Dan sou hy op God se vernuwning wag en hoop hê! Dit is ’n profetiese gedagte wat hy onmiddelik laat val in Job 14:18-19. In Job 16:19-21 en 19:25-27 neem hy hierdie profetiese gedagte weer op. Hoewel Job sterflik is, weet hy dat sy Verlosser, God, leef. Aan die einde van die wêreldgeskiedenis sal God op die stof (elemente) van hierdie teenwoordige aarde staan en betrokke raak by dit wat op hierdie aarde gebeur. Nadat Job se vel (deur siekte) weggevreet is, sal hy God sonder sy vlees (sonder sy sterflike liggaam) sien, d.w.s. hy sal God in sy menslike gees aanskou.

Hierdie profetiese gedagte word nog duideliker in ander Ou-Testamentiese boeke uitgedruk. Daar vind ons ’n vreugdevolle verwagting ten spyte van die dood, net soos in die Nuwe-Testamentiese boeke. Byvoorbeeld, Henog het naby God geleef en is *in God se teenwoordigheid opgeneem* (Genesis 5:22-24). Elia het *na die hemel toe gegaan in ’n stormwind* (2 Konings 2:11). Henog en Elia het nie in die onderwêreld neergedaal nie (Hebreeërs 11:5)! Psalm 116:15 sê: “Vir die Here is die dood van sy troue dienaars geen geringe saak nie.” Die regverdige mens sterf en word van die kwaad gespaar. “Dié wat die reguit pad loop, kom waar daar vrede is, hulle rus in die graf” (Jesaja 57:1-2). By die dood keer die liggaam van die mens terug na die stof (die elemente van hierdie aarde) waaruit hy voortgekom het, maar die gees van die mens keer terug na God wat dit aan die mens gegee het (Prediker 12:7). Die (gestorwe) liggaam van die regverdige mens sal *veilig woon*, d.w.s. God bewaar die elemente van sy liggaam vir die dag van die opstanding. Sy

(onsterflike) gees sal *volkome vreugde ervaar in die teenwoordigheid van God* (Psalm 16:9,11; 17:15; 49:16; 73:24-26; Spreuke 14:32; Jesaja 25:8; Daniël 12:2).

En ook in die Nuwe Testament is daar hoop op lewe na die toestand van die dood. God is nie 'n God van dooie mense nie, maar van lewendige mense soos Abraham, Isak en Jakob (Matteus 22:32)! Die Ou-Testamentiese gelowiges *het gehoop op (verlang na) 'n beter vaderland – 'n hemelse vaderland* (Multivertaling Hebreërs 11:13-16)! Die Nuwe Testament openbaar baie duideliker die vreugdevolle verwagting van Christene. Wanneer hulle liggame sterf, het hulle gees “'n vaste gebou in die hemel, 'n woning wat ewig bly staan”. Wanneer Christene van hulle aardse liggame geskei is, is hulle tuis by God (2 Korintiërs 5:1,8; vergelyk Lukas 16:22-25; 23:43; Handeling 7:59; Efesiërs 3:14-15; Filippense 1:21,23; 1 Tessalonisense 5:10; Openbaring 6:9,11; 14:13).

(2) Die woord Sheol of Hades beteken soms *die hel*.

Sheol of Hades is *die plek van ewige bestraffing*.

Sheol of Hades as die hel. In sommige Bybelgedeeltes word die parallel tussen die dood en Sheol voorgestel as ‘dreigement en 'n waarskuwing eerder as maar net 'n toestand’ (Spreuke 5:5; 7:27; 9:17-18; 15:24; 23:14). Die betekenis lê dus nader aan *die hel*. Spreuke 15:24 byvoorbeeld, sê dat die weg na die lewe vir wyse mense opwaarts gaan om hulle daarvan te bewaar om neer te daal in Sheol, d.w.s., om neer te daal in die hel. Die goddelose mense word bedreig met die straf van neerdaal in die hel, Sheol of Hades. In Deuteronomium 32:19-22 sê God dat sy regverdige toorn teen die afgodery van Israel 'n vuur aangesteek het wat brand tot in Sheol, d.w.s., tot in die hel daaronder. Dus God se toorn brand in Sheol in die sin van die hel. Psalm 9:18 waarsku dat die goddelose mense en alle volke wat God vergeet na Sheol terugkeer. Hulle sal na die hel toe gaan waar hulle in teenstelling met die regverdige mense *vergeet sal word en sonder enige hoop sal wees*. Psalm 49:15-16 waarsku dat mense wat op hulleself vertrou, nie uit Sheol verlos sal word nie. Hulle sal na die hel (beter vertaling as ANV: graf en doderyk) toe gaan en in teenstelling met die regverdige mense *nié in God se teenwoordigheid opgeneem word nie*. Die goddelose mense bly in die hel, sonder verlossing, sonder hoop en sonder God se liefdevolle en sorgsame teenwoordigheid (2 Tessalonisense 1:9).

Sommige Skrifverklaarders probeer uit die probleem van 'n neutrale onderwêreld te ontsnap deur een onderwêreld met twee afdelings te veronderstel: die Paradys as blyplek vir die regverdiges en Gehenna as blyplek vir die onregverdiges, maar nêrens in die Ou Testament is daar enige spoor van so 'n tweedeling nie. Inteendeel, die Ou Testament praat wel oor Sheol as die plek van straf van die goddelose mense. Die Nuwe Testament identifiseer ook die Paradys met die hemel (Lukas 23:43; 2 Korintiërs 12:2,4) en nie as 'n plek in die onderwêreld nie! Maar die Nuwe Testament identifiseer Hades duidelik met die hel (Matteus 11:23-24; Lukas 16:23). Nadat die selfsugtige ryk man gesterf het en begrawe is in Lukas 16:23-24, is hy in die hel (Hades), waar hy in pyn verkeer. Alle onregverdige mense gaan na Sheol as die hel (vergeelyk Openbaring 21:8) en die regverdige mense na die hemel (vergeelyk 2 Korintiërs 5:1; Filippense 1:23)! Daarom kan Sheol nooit beskou word as die onderwêreld met twee afdelings soos in die tweede onderwêreld-teorie hierbo nie!

Sheol of Hades as die blyplek van die satan en sy demone. Die uitdrukking ‘Sheol’ is bowendien 'n sinoniem vir die uitdrukking ‘abaddon’, wat ‘*verderf*’ beteken (Job 26:6; Spreuke 15:11; 27:20). Dit is 'n kragtige uitdrukking wat toegepas word op die engel van die oneraardse diepte en ook op die plek waar die duiwel en sy bese geeste verkeer (Openbaring 9:11; vergelyk Openbaring 9:1-5; 11:7; 17:8; 20:1-3). Daarom kan ‘Sheol’ nooit 'n neutrale betekenis hê soos die eerste onderwêreld-teorie hierbo nie!

(3) Sheol of Hades beteken soms *die graf*.

Sheol of Hades is die graf, die plek waar alle dooie liggame in neerdaal.

Die oorspronklike betekenis van die woord ‘Sheol’ was waarskynlik *die plek van verderf* en dan veral in die sin van *die hel*, die plek van die ewige verderf. In die tweede plek verwys dit ook na die plek van verderf van die liggaam, d.w.s. *die graf*. In die ouer boeke van die Ou Testament (bv. Job) word die woord “Sheol” meer gebruik vir “die graf” dan vir “die hel”, terwyl in die Nuwe Testament die korresponderende woord “Hades” meer gebruik word vir “die hel” dan vir “die graf”.

Dit is nie maklik om vas te stel of die woord ‘Sheol’ na die toestand van die dood of na die graf verwys nie, soos die bogenoemde Bybelgedeeltes uit Job aantoon (Job 14:13; 17:13; 21:13). In die volgende Bybelgedeeltes is die betekenis van ‘die graf’ meer waarskynlik. In Genesis 42:38 sê Jakob dat die verdriet oor sy verlore seun (Josef) hom sal laat neerdaal in Sheol, d.w.s. die graf (ook in Genesis 37:35; 44:29; 1 Konings 2:6,9). Psalm 88:4 sê dat “ek vat al aan die doderyk (Sheol)”, d.w.s., hy is besig om te sterf. Psalm 6:6 in die Nuwe Lewende Vertaling sê: “wie onthou U in die graf? Wie kan U loof in die doderyk” Psalm 49:7-16 sê dat die lot van mense wat op hulleself en hulle rykdom vertrou Sheol (die graf) is, waar hulle liggame ten spyte van al hulle rykdom sal vergaan. Maar die lot van die regverdige mense wat op God vertrou, is dat God hulle sal red, hulle liggame uit die dood sal laat opstaan en hulle in sy teenwoordigheid sal bring. Maar vóór die opstanding uit die dood, sal by die sterwe “die stof na die aarde toe terugkeer soos dit was, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het” (Prediker 12:7), d.w.s. terwyl die gees by God is, word die liggaam in 'n graf gelê (vergeelyk Lukas 23:46,53).

Prediker 9:6,10 verwys na die toestand van die dood, veral na die liggaam wat in die graf lê. Dit sê dat in Sheol (in die toestand van die dood in die graf) daar geen werk, geen maak van planne en geen kennis of wysheid is nie. Nooit meer

sal mense in die toestand van die dood, in die graf, enige aandeel hê in wat daar onder die son (op die aarde) gebeur nie. Mense in die toestand van die dood in die graf het hoegenaamd geen invloed op hierdie aarde meer nie! So seker as wat 'n dooie liggaam in die graf van die lewe op hierdie aarde afgesny is, so seker is 'n mens in die toestand van die dood van alle aktiwiteite in hierdie wêreld afgesny. Handeling 2:27,31 leer dat Hades verwys na die toestand van die dood, veral na die liggaam wat in die graf vergaan.

Gevolgtrekking: Afhanklik van die konteks beteken Sheol of Hades:

- die toestand van die dood waarin liggaam en gees geskei is vóór die opstanding van die liggaam uit die dood.
- die toestand van die menslike liggaam in die graf geskei van sy menslike gees.
- die toestand van die menslike gees geskei van sy liggaam in die hel.

Geen enkele Bybelgedeelte leer dat die geeste (siele) van alle mense na hulle dood na dieselfde plek gaan nie! Alle mense, die regverdige mense sowel as die onregverdige mense, daal net na hulle liggaam af in die graf, maar na hulle gees (siel) gaan hulle beslis na verskillende plekke! Die geeste (siele) van die Christene (die regverdiges) gaan na die hemel (Prediker 12:7; 2 Korintiërs 5:8; Filippense 1:23; Hebreërs 12:23), terwyl die gees (siel) van die nie-Christene (die onregverdiges) na die hel gaan (Matteus 11:23-24; Lukas 16:23; Openbaring 21:8).

B. DIE VAEVUR-TEORIE EN MARIOLOGIE

1. Die vaevuur-teorie is nie Bybels nie.

Die vaevuur-teorie leer dat by die sterwe net die geeste (siele) van Christene wat volmaak is na die hemel toe gaan. Hulle is 'die heiliges' wie in Matteus 25:46 en Filippense 1:23 genoem word. Die geeste (siele) van alle ander Christene moet eers deur die vaevuur gaan, 'n plek waar hulle ly onder die benoudheid en pyn van die vuur, 'n proses van reiniging van al hulle *vergeeflike sondes* wat hulle op die aarde gedoen het. Volgens die Rooms Katolieke Kerk, is die vaevuur nie 'n plek van straf nie, maar 'n plek van reiniging en voorbereiding om in die hemel in te gaan.

Die tyd wat in die vaevuur deurgebring moet word en die intensiteit van hulle reiniging hang af van die hoeveelheid sondes waarvan die persoon nog gereinig moet word. Die tyd in die vaevuur kan verkort word en die intensiteit van hulle reiniging kan verlig word deur:

- die gebede en die goeie werke van Rooms Katolieke wat nog op die aarde lewe
- en veral deur die offer van die mis in die Rooms Katolieke Kerk.
- Die pous het die reg om 'aflate' te gee wat die lyding in die vaevuur kan verkort of selfs heeltemal kan beëindig.
- Die pous kan iemand "heilig verklaar", dit wil sê, hy kan 'n mens wat baie goed werke verrig het tot "'n heilige" verklaar (dus iemand wat nooit in die vaevuur kom nie).

Die Rooms Katolieke baseer hierdie teorie nie op die Bybel nie, maar op 'n apokriewe boek, 2 Makkabeërs 12:42-45.

⁴⁰ By elkeen van die gesneuweldes het hulle onder hulle klere afgodsbeeldjies uit Jamnia gevind. Omdat die besit daarvan vir Jode deur die wet verbode is, het elkeen begryp dat dit die oorsaak was dat hulle geval het... ⁴² hef 'n smeekgebed aan waarin julle vra of hierdie sonde volledig uitgewis mog word. ⁴³ Judas die Makkabeër ...het 'n insameling onder al sy manne gehou en het die opbrengs gestuur ... na Jerusalem toe om 'n soenoffer te kan bring. Hierdie goeie en rein/nobel daad het hy gedoen met die oog op die opstanding; ⁴⁴ Hy ... het ten behoeve van die dooies die soenoffer gebring, sodat hulle van hulle sondes vrygespreek sou word."

Maar die gedeelte in die boek van die Makkabeërs leer ook dinge wat die Rooms Katolieke Kerk nie kan aanvaar nie, naamlik, die moontlike bevryding van soldate wat gesterf het deur hulle *onvergeeflike sonde* van afgodery (vers 40)!

2. Die Bybelse argumente teen die vaevuur.

(1) By hulle dood gaan alle Christene onmiddellik na die hemel toe.

Alle (wedergebore) Christene is 'heiliges' (1 Korintiërs 1:2). Die Bybel beskryf die plek waar Christene na hulle dood heen gaan op verskillende maniere. Die hemel word beskryf as 'die Paradys' (Lukas 23:43), as 'die huis van My Vader met baie woonplek' (Johannes 14:2), as 'die plek van eer' (Psalm 73:24-25), as 'met Christus te wees' (Filippense 1:23) en 'as by die Here gaan woon' (2 Korintiërs 5:8). Volgens 2 Korintiërs 5:8 beteken "om die liggaam te verlaat": "by die Here gaan woon" en volgens Filippense 1:23 beteken "heen te gaan": "by Christus te wees".

(2) Niemand kan iets toevoeg aan die verlossingswerk wat Christus volbring het nie.

Wanneer Christene sterf gaan hulle dadelik na die hemel toe, omdat Christus reeds vir al hulle sondes betaal het!

Die vaevuur-teorie probeer iets toevoeg tot die voltooide verlossingswerk van Christus aan die kruis (Johannes 19:30). Maar Openbaring 22:18-19 waarsku mense om niks toe te voeg of weg te vat van dit wat die Bybel ons leer nie! Christus is die volledige regverdiging en heiliging van Christene (gelowiges) (1 Korintiërs 1:30)!

Die vaevuur-teorie maak ook die goeie werke en gebede van Christene 'n middel om tot die verlossing by te dra. Maar Efesiërs 2:8-9 leer dat niemand deur goeie werke gered kan (of sal) word nie! Terwyl die Rooms Katolieke Kerk aanspraak maak daarop dat hulle die sleutels van die dood en Hades het, leer Openbaring 1:18 baie duidelik dat net Jesus Christus die sleutels van die dood en die doderyk het!

3. Die historiese ontwikkeling van Mariologie.

(1) Die verering van Maria.

De invloed van de cultus van Serapis en Isis.

Serapis en Isis was Egiptiese gode wat waarskynlik te Rome geïntroduseer is gedurende die 2^{de} eeu v.C.

Die kultus van Isis. Geen ander vreemde godin het Rome so suksesvol verower as dié van Isis. Vanaf die 1^{ste} eeu n.C. het sy oor tempels geheers en het sy steeds meer kenmerke van ander godinne geabsorbeer. Haar tempels en opskrifte word oor die hele Romeinse Ryk gevind. Isis word beskou as die bewaker van vrugbaarheid en kindergeboortes.

Die kultus van Serapis het geweldige sukses in Griekeland en Klein Asië gehad, veral in Rome, waar dit die mees populêre godsdienst geword het. Daar was al 'n Serapis tempel in Rome in 105 v.C. Serapis en Christus het naas mekaar bestaan en is reëlmatig met mekaar verwissel. Sommige vroeë Christene het geen onderskeid gemaak tussen Christus en Serapis nie en het gereëld altwee aanbid. Die dooprutueel met water het 'n onderdeel gevorm van die inisiasie seremonie van die Serapis kultus.

Die kultus van Serapis en Isis het nie alleen die opkoms van die Christendom in die 1^{ste} eeu n.C. oorleef nie, maar het selfs in populariteit gegroei gedurende die 2^{de} eeu n.C. Dit het bly voortbestaan tot in die 4^{de} eeu n.C. toe alle heidense godsdienste verbied is en die Christendom die staatsgodsdienst van die Romeinse Ryk geword het.

Die kultus van die Maagd Maria. Tydens die Bisantynse periode (die Oos Romeinse Ryk na die val van die Wes Romeinse Ryk in 476 n.C.) *het Isis die prototipe geword waarop die opkomende kultus van die Maagd Maria gevorm is. Muurskilderinge van Isis met haar seun Horus is deur vroeë Christene geïdentifiseer met skilderinge van Maria met haar seun Jesus.*

Die Maagd Maria in die Rooms Katolieke Kerk.

Die baie beelde van Maria in kerke vanaf die 4^{de} eeu, die Saterdag as “die dag van Maria” en Mei en Oktober as “die maande van Maria”, Maria as “die tweede Eva, die moeder van alle gelowiges”, die rosekrans om gebede te tel (veral herhalings van Lukas 1:28), die “Maria broederskappe” onder die Dominikane, die bevordering van Maria verering deur die Jesuïete vanaf die 16^{de} eeu, die bedevaarte na plekke waar mense gesê het dat Maria daar verskyn het vanaf die 16^{de} eeu (Guadalupe, Lourdes, Fatima), die verering van “die hart van Maria” vanaf die 17^{de} eeu, ens. is veelvoudige vorms van die verering van Maria in die Rooms Katolieke Kerk. Die Rooms Katolieke hiërgiesie struktuur is opgelê aan “die verering van Maria (Latyn: hyperdulia)”, “die verering van die heiliges (Latyn: dulia)” en “die verering van relikwieë (Latyn: religiosus relativus)”. Die teorie is dat hoe nader 'n skepsel by God is, hoe meer het hy 'n deel aan die goddelike natuur en hoe heiliger is hy.

Die Rooms Katolieke Kerk het drie leerstellings oor Maria geformuleer, maar Mariologie in die Rooms Katolieke Kerk word afgewys deur alle Christene wat die openbaring van God in die Bybel ernstig neem:

(2) Die eerste Mariologie leerstelling: Maria is die Moeder van God.

Die dogma dat Maria “die Moeder van God” is, is tydens die 3^{de} Ekumeniese Konsilie te Efese in 431 aangeneem.

Weerlegging. Lukas 1:43 sê NIE “moeder van God” of “die draer van God” (Grieks: theotokos) NIE, maar “die moeder van my Here” (Grieks: hé mêtér tou kuriou mou). Maria is “die moeder van *die menslike natuur van Christus*”, NIE van sy goddelike natuur NIE! Psalm 110:1,4 profeteer dat Jesus “die Heere, die beloofde Messias” sou wees.

Die profeet Jesaja (740-680 v.C.) het geprofeteer: “'n Jong vrou sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring en hom Immanuel noem (Dit beteken: God met ons).”

In Lukas 1:26-37 lees ons dat God die engel Gabriël na Nasaret in Galilea gestuur na 'n maagd wat verloof was aan Josef, 'n man uit die geslag van Dawid. Die naam van die maagd was Maria. Hy het vir haar gesê: “Ek groet jou, begenadigde! Die Here is by jou.” Sy boodskap was: “Moenie bang wees nie, Maria, want God bewys genade aan jou. Jy sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring, en jy moet Hom die naam Jesus gee (dit beteken: Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos) (Matteus 1:21). Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste (Grieks: huios hupsitou) genoem word. Die Here God sal Hom die troon van sy vader Dawid gee, en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie. Maria het toe gevra: “Hoe is so iets moontlik, aangesien ek nog nooit omgang met 'n man gehad het nie?” Die engel het geantwoord: “Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God (Grieks: huios theou). Niks is vir God onmoontlik nie.”

Die maagd Maria was seker bang dat Josef haar sou verlaat. Sy het ook die veroordeling van mense gevoel as hulle gesien het dat sy swanger was, maar nog nie nege maande by Josef gewoon het nie (Matteus 1:18-19). Die lang reis van Nasaret in Galilea na Betlehem in Judea was swaar en 'n kind êrens in die buitelug in die wêreld bring was seker nie maklik nie (Lukas 2:1-7). Sy het die woorde van die herders onthou en telkens weer by haarself daarvoor nagedink, naamlik, dat die kind wat gebore is, is “die Verlosser, die Messias (Christus) die Here” (Grieks: sôtér hos estin christos kurios”) en dat “Hy vrede op die aarde sou bring vir mense in wie Hy 'n welbehag het” (Lukas 2:11,14). Sy was seker verwonderd oor die wyse manne wat neergebuig het en die kind *aanbid* het (Matteus 2:1-12).

In Lukas 2:25-35 het die Heilige Gees aan Simeon geopenbaar dat hy nie sou sterf voordat hy die Gesalfde (Messias) van die Here gesien het nie. Die Gees het hom na die tempel gelei waar hy Josef en Maria met die kind ontmoet het. Simeon het die kind in sy arms geneem en God geloof met die volgende woorde: “My oë het *U verlossing* (Grieks: to

sótérian sou) gesien wat U gereed gemaak het voor die oë van al die volke, 'n lig tot verligting van die nasies en tot eer van U volk Israel.” Josef en Maria was verwonderd oor die dinge wat van Hom gesê is. Toe het Simeon hulle geseën en vir maria, sy moeder, gesê: “Hierdie Kindjie is bestem tot 'n val en 'n opstanding van baie in Israel en tot 'n teken wat weerspreek sal word. So sal die gesindheid van baie mense aan die lig kom . En wat jou betref, 'n swaard sal deur jou siel gaan.” Die laaste sin beteken dat *Maria sou ly as gevolg van haar verhouding met haar seun*. Die teenstand van die mense teen Jesus, hul haat, afguns, vervolging en uiteindelik kruisiging sou so skrikbarend wees dat Maria deur haar diep verdriet oorweldig sou word.

Sy moes na Egipte vlug en die angs en smart van die moeders in betlehem gevoel het toe hulle kinders in die plek van haar seun vermoor is (Matteus 2:13-18).

Sy was verbaas dat haar twaalfjarige seun tussen die geleerdes in die tempel gesit het om die Bybel met hulle te bespreek. Maar sy het nie sy woorde verstaan nie: “Het u nie geweet dat Ek in die huis van my Vader moet wees nie?” (Lukas 2:41-50)”

Matteus 4:13 sê, “Jesus (nou 30 jaar oud) het nie in Nasaret gaan bly nie, maar het Hom in kapernaum by die see gevestig.” Jesus het Maria en haar huis in Nasaret verlaat. Jesus was nie langer “die seun van die timmerman” nie (Matteus 13:55-57), “die seun van Josef” nie (Lukas 4:22) of “die seun van Maria” nie (Markus 6:3). Jesus het Homself “ide Seun van die mens” (Markus 2:10) of “die Seun van God” (Lukas 22:67-70; Markus 1:1) genoem (sien Dota handleiding 2, supplement 8). “Selfs sy broers het nie in Hom geglo nie” (Johannes 7:5). “Jesus was oral erken behalwe in die plek waar Hy grootgeword het, en in sy familiekring (Matteus 13:57). En die mense van Nasaret uit die dorp uitgejaag (Lukas 4:29). *Maria moes leer om Jesus los te laat en Hom toe te laat om die taak van sy Hemelse Vader te vervul*.

In Markus 3:31-35 het Jesus gevra, “Wie is My moeder en my broers? En toe geantwoord: “Elkeen wat die wil van God doen, is my broer en my suster en my moeder.” Die kriterium vir 'n regte verhouding met Jesus Christus is nie vlees en bloed nie, maar geloof en gehoorsaamheid! *Maria moes besef dat Jesus haar minder belangrik gevind het as sy eie dissipels. Maria moes leer om haar van haar seun te onttrek, om op die agtergrond te bly en nie langer te probeer om beslag op Hom te lê nie*.

In Lukas 11:27-28 het 'n vrou uit die menigte hardop geroep en vir Hom gesê: “Hoe bevoorreg is die vrou wat U in haar liggaam gedra en aan haar bors gevoed het!” Maar Jesus het geantwoord: Nog meer bevoorreg is hulle wat die woord van God hoor en dit onderhou.” Maria het geweet dat sy bevoorreg was as die instrument wat die Messias in die wêreld ingebring het. *Maar Maria moes leer dat sy nog baie meer bevoorreg sou wees as sy 'n dissipel van die Messias word!*

In Johannes 2:4 het Jesus letterlik aan Maria gesê, “Vrou, wat het Ek met u te make?” Deur haar aan te spreek as “vrou” het Jesus geen enkel disrespek bedoel nie. *Maria moes leer dat sy nie langer enige regte as sy ouer of moeder gehad het nie, maar dat sy moes afstap van die rol om sy moeder te wees. Maria moes leer dat sy nie langer aan Jesus moes dink as alleen maar haar seun nie. Sy moes begin om Jesus te beskou as haar Here!*

In Johannes 19:17-18 lees ons dat Jesus gekruisig is. Sy dissipels en die vrouens onder andere Maria (sien Lukas 24:10) wat Hom van Galilea af gevolg het, het op 'n afstand bly staan en al hierdie dinge gesien (Lukas 23:49). Die diepste wond van die swaard in die siel van Maria was die kruisiging van Jesus. Daar het sy die volle krag en skerpte van die swaard gevoel. Sy het Jesus as 'n misdadiger aan die kruis sien hang en ook sy pyn. Sy het die spot van die godsdienstige leiers en leraars en mense gehoor. Maar ons lees glad nie dat sy teen God en die lyding wat hy toegelaat het, gerebelleer het nie. Sy het ook nie in angs en wanhoop weggevlug nie. Sy moes wel gedink het aan haar aanvanklike toewyding: “Ek is tot beskikking van die Here (letterlik: sy dienaar). Laat met my gebeur wat u gesê het” (Lukas 1:38). *Maria het geleer dat die enige regte reaksie was om haarself heeltemal oor te gee aan God en sy planne met haar lewe – naamlik, om die moeder van die menslike natuur van Jesus te wees – en niks meer nie!* So het sy haarself en haar lyding op die tweede plek gestel.

In Johannes 19:25-27 lees ons dat Maria by die kruis van Jesus gestaan het. Toe Jesus sy moeder en die dissipel vir wie Hy baie lief was (die apostel Johannes), gesien het, het Hy vir haar gesê: “Daar is u seun.” Daarna het Hy vir die dissipel gesê: “Daar is jou moeder.” Van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem. Selfs in sy grootste stryd aan die kruis het hy sy moeder nie vergeet nie. Hy het daarvoor gesorg dat sy nie eensaam en heeltemal verlate gevoel het nie. Sy het 'n nuwe seun gekry, die dissipel vir wie Hy baie lief was. Die huis van Johannes het haar huis geword. *Maria moes besef dat alhoewel sy vir haar seun beskikbaar wou bly, Hy haar nie meer as 'n moeder nodig gehad het nie. Maria moes leer dat vanaf dan alle hoop om haar aardse band en verhouding met Jesus voort te sit, permanent verbreek is. Van dan af kon Maria hoop om netsoos alle ander Christene alleen 'n geestelike band en verhouding met Jesus Christus te hê*. En dit het sy gedoen!

In Matteus 27:55-61 en Matteus 28:1-10 lees ons dat Maria saam met die ander vrouens 'n ooggetuie was van die dood en opstanding van Jesus Christus.

En in Handeling 1:12-14 lees ons dat na die opstandig en hemelvaart van Jesus Christus, Maria by die dissipels van Jesus Christus aangesluit het en eensgesind met hulle volhard het in aanbidding en gebed. In Handeling 2:1-47 lees ons dat Maria as deel van die eerste 120 dissipels van Jesus (sien “hulle” in Handeling 2:1) met die Gees van Jesus

Christus gedoop is (sien Handeling 11:15-17) en deel geword het van die eerste Christelike gemeente in Jerusalem, waar die Christene hulle heelhartig toegelê het op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede (Handeling 2:42). *Maria het geleer om haar aanvanklike moederlike gevoelens vir Jesus los te laat, omdat sy haar taak met betrekking tot Hom voltooi het. Nou het Maria 'n nuwe taak gekry - om 'n dissipel van Jesus te word en Hom te aanbid en te dien.*

Maria is begenadig onder vrouens (Lukas 1:28) en van nou af sal elke nuwe geslag van Christene haar gelukkig (Grieks: makarios) noem (Lukas 1:49). Sy het geleer dat 'n gelowige in Christus van sy eie belange afstand kan doen om so die belange van God en sy eer te beste te dien. Sy is gevorm deur meer as 30 jaar lewenservaring met hoogtes en dieptes, meer as wat ande vrouens sou ervaar. *Maria het geleer om haarself weer aan God toe te wy en 'n onopvallende plek onder Christene in te neem. Aan die einde was haar houding teenoor God netsoos aan die begin. Sy het aan haar toewyding vasgehou om heeltemal beskikbaar te bly om sy wil te doen!*

(3) Die tweede Mariologie leerstelling: Die onbevleete ontvangenis van Maria.

Hierdie fees word al vanaf die 7^{de} eeu gevier, is deur die Fransiskane bevorder en deur die Dominikane bestry en het uiteindelik 'n onfeilbaar dogma geword in 1854. Alhoewel Thomas Aquinas (1225-1274) heftig geïnteresteerd was teen die oortuiging dat die barmhartige Madonna sonder die smet van die erfsonde gebore was, en ook lank nadat baie Protestantse hervormers hierdie kult van die verering van Maria verwerp het, het pous Pius IX tog verklaar dat “Maria vry gebly het van die smet van die erfsonde deur 'n besondere genade van God en omdat sy die moeder van Christus geword het”. Die Rooms Katolieke redenasie is dat “die tweede Adam, Christus”, “die tweede Eva, Maria” en “die aartsengel Gabriël” “die eerste Adam”, “die eerste Eva” en die Gevalle Engel, Satan” verplaas het. Maria as “die tweede Eva” is in vergelyking baie hoër as die eerste Eva. As sy “in sonde gebore sou gewees het”, sou sy baie laer as die eerste Eva gewees het, omdat die eerste Eva onbevleek (d.w.s. vry van die smet van die erfsonde) geskape was.

Weerlegging. Hierdie vergelyking word nêrens in die Bybel gevind nie. Lukas 1:28 sê “begenadigde” (Grieks: kecharitóméné), 'n verwysing na God wat Maria begunstig het om die moeder van die menslike natuur van Jesus Christus te word, en NIE vir haar vrygestel het van alle sonde en die erfsonde NIE. Die Enigste wat nooit gesondig het nie, is Jesus Christus (Johannes 8:46; 2 Korintiërs 5:21; Hebreërs 4:15). Selfs Maria het die Here aanbid en Hom “my Verlosser” (Grieks: zótér) genoem (Lukas 1:46-47; sien 1 Timoteus 2:3), oor wat God vir haar gedoen het gesing (Lukas 1:46-55) en uiteindelik by die dissipels van Jesus aangesluit en eensgesind in die gebed volhard (Johannes 16:24; Handeling 1:13-14; sien Openbaring 8:3-4).

(4) Die derde Mariologie leerstelling: Die hemelvaart van Maria.

'n Ou oorlewering vertel dat toe Maria gesterf het, die apostels uit die lande waar hulle gepreek het, teruggekom. Ook Jesus het gekom en haar gees ontvang. Haar liggaam is toe in Getsémané begrawe terwyl die engele gesing het. Na 3 dae het hulle die graf oopgemaak, maar die heilige liggaam was nie meer daar nie, alleen die grafdoeke wat 'n aangename geur versprei het. Die apostels het geglo dat daar 'n wonder geskied het en dat die Here haar liggaam met onsterflikheid beklee het *vóór* die algemene opstanding uit die dood en haar met liggaam en gees (siel) na die hemel gevoer het. Dit beteken dat haar liggaam nie ontbind het nie en dat sy met haar seun verenig is in die Heerlikheid van die Vader en die Krag van die Heilige Gees. In 1950 het pous Pius XII verklaar dat “Maria met liggaam en ziel in die hemel opgeneem is” ('n onfeilbaar dogma). Dit was die laaste keer tot op hede dat daar 'n beroep gedoen is op die pouslike onfeilbaarheid om 'n Rooms Katolieke dogma te formuleer. Die onfeilbaarheid van die pous is vanaf die Eerste Vatikaanse Konsilie in 1874 ook 'n Rooms Katolieke dogma.

Weerlegging. Jesus Christus is “die Eersteling (Grieks: aparché) uit dié wat gesterf het”, die eerste en enige wat uit die dood opgewek is! Alleen by die wederkoms aan die einde van die wêreld sal dié wat aan Hom behoort (inklusief Maria) uit die dood opstaan (1 Korintiërs 15:20,23). Bowendien *waarsku Jesus Christus teen die toevoeging van menslike tradisies, onderwysing en profesieë aan die Woord van God (die Bybel)* (sien Jeremia 23:16-32; Matteus 23:2-39; Johannes 5:38-40; Openbaring 22:18-19)!

(5) Poging om 'n vierde Mariologie leerstelling te maak: Maria “die Mede-Verlosser, Mede-Middelaar en Voorspraak”.

Ida Peerdeman (1945-1959) was die eerste wat gesê het dat pous Johannes Paulus II “die laaste Dogma in die geskiedenis van Mariologie” sou proklameer, met insluiting van die titels “Mede-Verlosser, Mede-Middelaar van alle genade en Voorspraak vir die volk van God”. Tydens die Tweede Vatikaanse Konsilie in 1960 het die Rooms Katolieke biskoppe hewig onder mekaar gestry oor wat hulle oor Maria moes leer. Maar Bybelse geleerdes het daarin geslaag om hierdie gevaarlike afwyking na Maria aanbidding toe in bedwang te hou. In 1997 was Prof. Mark Miravalle die leier van 'n offensief om 'n petitie met meer as 4 miljoen handtekeninge uit 157 lande, onder andere van moeder Teresa, byna 500 biskoppe en 42 kardinale aan die pous te oorhandig om bogenoemde onfeilbare pouslike definisie uit te spreek. Dit leer drie vreemde leerstellings: 1. dat Maria deelneem aan die verlossing wat deur haar seun verwerf is, 2. dat alle genade wat voortvloei uit die lyding en die dood van Jesus Christus alleen geskenk word deur haar voorspraak by haar seun, en 3. dat alle gebede en voorbede van die gelowiges op aarde ook deur Maria moet gaan, wat dit dan onder die aandag van haar seun bring.

Weerlegging. Dit word “hoë Mariologie” genoem en *is in stryd met die grondliggende Nuwe-Testamentiese onderrig dat “daar immers net één God en net één Middelaar tussen God en die mense is, die mens Christus Jesus”* (1 Timoteüs

2:5)! Hierdie petitie wou enersyds die sentrale posisie van Jesus Christus *verswak* en andersyds die dogmaties gesag van die pous *versterk*." Die petitie het misluk!

C. DIE SIELESLAAP-TEORIE

1. Die sieleslaap-teorie is nie Bybels nie.

Die sieleslaap-teorie sê dat die gees (siel) by die sterwe neerdaal in 'n volledig onbewuste toestand. Die menslike gees (siel) word eers weer bewus (wakker) by die opstanding van die dood.

Die sieleslaap-teorie word dikwels verbind met "die vernietigingsteorie" en "die tweede kans teorie". Na die dood daal beide die menslike liggaam en die menslike gees (siel) in die graf in 'n toestand van heeltemal nie meer te bestaan nie. Eers by die opstanding uit die dood word die gees (siel) weer bewus, en kry hy 'n tweede kans:

- om hom te bekeer, vir die verlossing te kies en 'n volledige nuwe herskape liggaam te ontvang
- of om hom nie te bekeer nie en heeltemal vernietig te word.

Hierdie valse leraars bou hulle teorie op Bybelgedeeltes soos Johannes 11:11 en 1 Tessalonisense 4:13 wat praat oor die dood as "slaap". Hulle bou hulle teorie op Bybelgedeeltes soos Psalm 6:6 en Prediker 9:10 wat praat oor die dooies as onbewus (onwetend): hulle het geen gedagte nie, geen werk, geen oorleg, geen kennis en geen wysheid nie. En hulle bou hulle teorie op Bybelgedeeltes soos 2 Korintiërs 5:10 en Openbaring 20:11-15 wat volgens hulle sê dat die eindbestemming van mense eers bepaal word op die laaste oordeelsdag en nie vóór die tyd nie.

2. Bybelse argumente téén die sieleslaap-teorie.

(1) Die Bybel leer nie dat die menslike gees (siel) of die liggaam slaap nie!

Die Bybel praat wel oor die gestorwe mens as iemand wat slaap. Dit word afgelei van die ooreenkomste tussen 'n oorlede mens en een wat slaap en het só 'n eufemistiese uitdrukking vir die liggaamlike dood geword.

(2) Die Bybel leer dat die gees (siel) van 'n persoon wat gesterf het wel bewussyn het.


Die Bybelgedeeltes wat lyk of hulle sê dat persone wat gesterf het nie 'n bewussyn het nie, leer duidelik dat 'n gestorwe mens in die toestand van die dood geen deel meer kan hê aan die gebeurtenisse van die lewe op hierdie aarde nie! Byvoorbeeld, Prediker 9:5-12 sê, "die dooies weet niks. ... hulle sal nooit weer deel hê aan wat in hierdie wêreld gebeur. ..." Ná die sterwe kan die arbeider nie meer werk nie, die sanger kan nie meer sing en die koning kan nie langer op die aarde regeer nie. Die Bybel leer dus dat terwyl die liggaam in die graf lê, die gees (siel) van die mens nie bewus is van wat daar op hierdie aarde gebeur nie (vergelyk Jesaja 63:16)!

Maar die Bybel leer ook dat terwyl die liggaam in die graf lê, die gees (siel) heeltemal bewus is van wat daar in die hemel of in die hel gebeur! Byvoorbeeld, Lukas 16:22-28 sê dat toe die selfsugtige ryk man sterf en begrawe word, hy sy oë in die hel oopmaak en die pyn van die hel bewustelik ervaar! En Hebreërs 12:22-24 en Openbaring 6:9-10 sê dat gestorwe Christene hulle omgang met die Drie-enige God en ander gestorwe Christene in die hemel baie bewustelik ervaar.

(3) Die ewige eindbestemming van mense word nie op die laaste oordeelsdag eers besluit nie, maar wel dan openlik uitgespreek (aangekondig).

Die ewige eindbestemming van mense is afhanklik van die verhouding wat hulle met Jesus Christus tydens hulle lewe op hierdie aarde gehad het! Jesus sê in Johannes 3:18,36, "Wie nie glo nie, is reeds veroordeel, omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie." "Wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf (toorn) van God bly op hom." Volgens Matteus 25 en 2 Tessalonisense 1, word die ewige bestemming van 'n mens bepaal terwyl hy nog op die aarde leef, voordat hy sterf. Volgens die gelykenis van die talente in Matteus 25:14-30 word die beloning of straf van 'n mens bepaal voordat hy sterf, vóór die wederkoms van Jesus.

Daarom sal daar ook nie 'n tweede kans vir mense na hulle dood wees om gered te word nie! Volgens Matteus 25:34,41 en 2 Tessalonisense 1:5-10 word op die laaste oordeelsdag net God se oordeel uitgespreek in die teenwoordigheid van alle engele en alle mense wat ooit geleef het, sodat God se regverdigheid, billikheid en heerlikheid aan almal duidelik mag blyk! Die verbasing wat mense op die laaste oordeelsdag uitspreek het te make met die grond waarop hulle vrypraak of veroordeling rus, eerder as die regverdiging of veroordeling self. Die grond van hulle vrypraak (regverdiging) is net God se genade wat lei tot barmhartigheid bewys aan 'die broers van Christus' (d.i. ander Christene) (Matteus 12:50; Hebreërs 2:11-12) (Matteus 25:34-40). Die grond van hulle veroordeling is dat hulle geen barmhartigheid aan Christene bewys het nie (Matteus 25:41-45).



D. DIE VERNIETIGINGSTEORIE

1. Die vernietigingsteorie is nie Bybels nie.

(1) Die vernietigingsteorie Engels: annihilation)²

Die vernietigingsteorie leer dat die liggaam en die gees (siel) van die mens by sy dood heeltemal vernietig word (d.w.s. ophou om te bestaan)! Die liggaam en die gees (siel) van die gestorwene daal neer in die graf in 'n toestand waarin dit glad nie meer bestaan nie! By die opstanding uit die dood is daar geen sprake van 'n weer bewus word nie (soos by die sieleslaapteorie), maar van 'n volledige nuwe skepping van 'n nuwe liggaam en 'n nuwe gees (siel)!

Die vernietigingsteorie leer dat die goddelose mense na die dood glad nie meer bestaan nie en dat *die hel 'n plek van pyniging) daarom ook nie bestaan nie!* Die goddelose mense word eenvoudig vernietig!

Die vernietigingsteorie leer ook dat die regverdige mense na hulle dood glad nie meer bestaan nie en dat daar daarom ook *geen tussentoestand tussen die dood en die opstanding bestaan nie!* By die opstanding uit die dood word 'n volkome nuwe liggaam en volkome nuwe gees (siel) alleen vir regverdige mense geskep!

Hulle leer dat God alle mense sterflik geskep het, maar dat hulle onsterflikheid kan ontvang as hulle gehoorsaam word. By die sondeval bly die mens sterflik. God maak die mense wat hulle bekeer onsterflik, maar vernietig die mense wat hulle nie bekeer nie. (Die Bybel leer egter dat God alle mense onsterflik geskep het en dat hulle hierdie onsterflikheid verloor het toe hulle ongehoorsaam geword het. By die sondeval het God hierdie onsterflikheid van die mens weggehaal. Mense wat hulle tot God bekeer gaan die ewige lewe in, maar mense wat hulle nie bekeer nie, gaan in die ewige straf in (Matteus 25:46).

(2) Die vernietigingsteorie.

Hulle lê die woord 'vernietiging' uit as 'n totale vernietiging van die bewussyn of selfs van die hele bestaan. Volgens sommige aanhangers van die vernietigingsteorie word die goddelose mense vernietig nadat hulle vir 'n bepaalde tyd vir hulle sondes geboet het. Volgens ander aanhangers van die vernietigingsteorie word die goddelose mense direk na hulle dood vernietig. Hulle baseer hulle teorie op:

- die feit dat God alleen onsterflik is
- dat *gelowiges* die ewige lewe ontvang
- en dat *ongelowiges* vernietig word, d.w.s. ophou om te bestaan

2. Bybelse argumente teen die vernietigingsteorie.

(1) God is ewig onsterflik, maar Christene ontvang onsterflikheid.

- God besit onsterflikheid. Volgens 1 Timoteus 6:16 besit net God onsterflikheid”, en dit van alle ewigheid af. God kan nie sterf nie!
- God skep die mens onsterflik. Die eerste mense, Adam en Eva, is nie sterflik geskep nie. Hulle was na die beeld van God geskep (Genesis 1:27), en hierdie volmaakte toestand het ontbinding en sterflikheid uitgesluit. By die skepping het God die ewigheid in die hart van die mens gelê (Prediker 3:11). Die eerste mense was na liggaam en gees (siel) onsterflik geskep. Dit was God se bedoeling dat mense vir ewig in sy teenwoordigheid sou leef! Maar Adam en Eva het nie onsterflikheid besit, in die sin dat hulle nie kon sterf nie. As hulle aan God ongehoorsaam sou word, sou hulle hul onsterflikheid verloor en sterf (Genesis 2:15-17). Genesis 3 vertel hoe hulle inderdaad die slagoffer van die dood geword het.
- By die opstanding sal Christene onsterflikheid ontvang. By die opstanding sal die sterflike liggaam onsterflik opstaan (1 Korintiërs 15:42,50). Dit beteken dat die sterflike mens tydens die opstanding *onsterflikheid* ontvang. Dan kan Christene nie meer sterf nie en sal hulle nooit meer sterf nie! In die Bybel word net Christene 'onsterflik' genoem, omdat net hulle die ewige lewe het en omdat hulle bestem is om God vir ewig in gees (siel) en liggaam te verheerlik. Christene erf 'n eendlose en absoluut volmaakte lewe met ewige seën in die teenwoordigheid van God.

(2) Die gees (siel) sal sekerlik die dood oorleef.

In Eksodus 3:6 het God vir Moses gesê: “Ek is die God van jou voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob.” Jesus sê: “Hy (God) is nie die God van dooies nie, maar van lewendes” (Matteus 22:32). Toe Abraham, Isak en Jakob gesterf het, *het hulle nie opgehou om te bestaan nie.* Hoewel hulle liggame in grafte lê en bestem is om eenmaal uit die dood op te staan, bestaan hulle geeste (siele) en is hulle dus lewend! God is die God, nie van nie-bestaande geeste (siele) nie, maar van bestaande en lewende geeste (siele)! Dus, by die sterwe hou 'n mens nie op om te bestaan nie, maar oorleef hy sy liggaamlike dood deur in sy gees voort te bestaan!

² Annihilasionisme (ook bekend as die vernietigingsteorie) is 'n geloof van die Sewende Dag Adventiste en die Jehova Getuiges. Bij die Laaste ' Oordeel' word mense wat nie verlos is nie heeltemaal vernietig en ondergaan nie die ewige verderf nie. Hulle is gekant teen 'n geloof in die hel. Mense wat met hulle vrye wil die verlossing verwerp, word heeltemaal vernietig. Jehova Getuiges glo dat daar geen straf na die dood is nie, omdat die oorlede ongelowiges ophou om te bestaan.

(3) Die liggaam sal verseker in die toekomstige bestaan deel.

Volgens Genesis 3:19 vergaan die liggaam by die dood en word dit *stof* (vergelyk Handeling 2:29-31). Maar stof is nie dieselfde as die nie-bestaande nie! Johannes 5:28-29, Handeling 24:15 en Openbaring 20:12-15 leer duidelik dat by die wederkoms van Christus, *die liggame* (wat stof geword het) *nie opnuut weer geskep word nie, maar uit die stof sal opstaan!* Die liggame van beide die regverdige en onregverdige mense sal uit die dood opstaan. Daar is niks in die Bybel wat suggereer dat die regverdige mense en die goddelose mense nie tegelyk uit die dood sal opstaan nie! Die Bybel leer net één algemene opstanding uit die dood by die wederkoms van Jesus Christus!

1 Korintiërs 15:35-42 en Filippense 3:21 leer dat wat ook al voorheen tot hulle sterflike liggame behoort het, verander sal word, dat hulle opstandingligaam gelykvormig sal wees aan die verheerlikte opstandingligaam van Jesus Christus! Die opstanding is dus nie 'n skepping van 'n volledig nuwe liggaam vir mense nie, maar 'n heerlike transformasie van hulle oorspronklike sterflike liggaam! So bly mense ook herkenbaar netsoos die opgestane Here Jesus Christus herkenbaar gebly het (Johannes 20:24-29).

Matteus 25:46 leer duidelik dat ná die laaste opstandingdag, beide die regverdige mense as die onregverdige mense vir ewig sal voortbestaan! Dus, by die sterwe hou die menslike gees (siel) nie op om te bestaan nie. Ook na die opstanding uit die dood en die laaste oordeelsdag hou die menslike liggaam nie op om te bestaan nie!

(4) Onsterflikheid of voortbestaan is nie dieselfde as die ewige lewe nie.

Die ewige lewe is inderdaad 'n gawe van God, wat Hy net aan die regverdige mense gee, d.w.s. aan mense wat in Jesus Christus glo. Maar as die onregverdige mense nie die ewige lewe ontvang nie, beteken dit nog nie dat hulle ophou om te bestaan nie.

Volgens Johannes 5:28-29 en Handeling 24:15 sal die liggame van Christene en nie-Christene *tegelyk* uit die dood opstaan. En volgens Matteus 25:46 sal net Christene *die ewige lewe* ontvang, terwyl nie-Christene *die ewige straf* sal ondergaan. Die Bybel leer duidelik dat niemand ophou om te bestaan nie! Beide die regverdige en die onregverdige mense sal ewig bly bestaan. Die regverdige mense sal die ewige leven in die teenwoordigheid van God geniet, maar die onregverdige mense sal die ewige straf in die afwesigheid van God moet ondergaan (Matteüs 25:46; 2 Tessaloniënsen 1:9).

(5) Die woord 'verderf' is nie dieselfde as om op te hou om te bestaan nie.

Die woorde 'dood', 'verderf' en 'verlore gaan' beteken nie in die Bybel op te hou om te bestaan nie. Volgens 1 Korintiërs 5:5 kan die uitdrukking 'verderf van die vlees'(AOV) nie beteken dat die mens ophou om te bestaan nie. Dit beteken straf deur verderf van sy liggaam. Dit sê: "...hierdie man moet aan die Satan oorgegee word ... So, sou sy sondige aard vernietig word, sodat sy gees gered kan word op die dag wanneer die Here kom." Die Gemeente (Kerk) lewer die sondaar oor aan die 'verderf' van sy sondige natuur, byvoorbeeld deur ernstige siekte of deur lyding, in die hoop dat sy gees (siel) bewaar bly op die laaste oordeelsdag. Die satan kan net ernstige skade of straf aanrig vanweë die sondige natuur van die mens. Maar net Christus kan die sondige natuur van die mens volkome laat ophou deur sy verlossingswerk!

Volgens 2 Tessaloniënsen 1:8-9 is 'verdoemenis' by die laaste oordeel presies die teenoorgestelde van 'ophou om te bestaan'. By die laaste oordeel sal die onregverdige mense gestraf word met 'die ewige verdoemenis' of die ewigdurende straf. Hulle sal ewigdurend bestaan, weg van die sorgende teenwoordigheid van God en die majestueuse heerlikheid van sy mag. Die wraak of bestraffing wat God uitoefen (vers 8) is dat hierdie mens verwyder word van die ervaring van God se liefde, barmhartigheid en sorg. Hy word verban uit die aanskouing en bewondering van die heerlike majesteit van Jesus Christus. Volgens Openbaring 20:10 en 21:8, beteken 'die tweede dood' dat hierdie mens in 'n plek gegooi word waar die goddelose mense dag en nag tot in alle ewigheid met brandende swael gepynig word.

E. DIE TWEDE KANS TEORIE

1. Die tweede kans teorie is nie Bybels nie.

(1) Die tweede kans teorie leer dat verlossing deur Christus nog ná die dood van 'n mens moontlik is.

Die aanhangers van hierdie teorie glo dat bepaalde mense na hulle dood nog 'n kans kry om in Christus te glo, naamlik,

- hulle wat nog nooit eerder 'n kans gehad het om die evangelie te hoor nie
- of hulle wat nooit eerder die aansprake van Jesus Christus goed oorweeg het nie
- of hulle wat as kind gesterf het.

Hulle sê dat niemand wat ooit 'n kans gehad het om die evangelie te hoor en te glo tot die hel veroordeel sal word nie. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat die ewige bestemming van die mens in die periode tussen die dood en die laaste oordeelsdag nog nie onherroeplik vasstaan nie.

(2) Hulle baseer hulle teorie op 'n humanistiese begrip van God se liefde en geregtigheid.

Hulle verwys na Bybelgedeeltes soos:

- Johannes 3:18,36 wat volgens hulle leer *dat slegs 'n doelbewuste ongeloof grond vir die verdoemenis is.*
- Volgens hulle leer 1 Petrus 3:19 en 4:6 dat Jesus Christus in die periode tussen sy dood en sy opstanding die evangelie verkondig het aan die geeste in die gevangenis, wat hulle vereenselwig met Hades of die onderwêreld.

- Volgens hulle leer Bybelgedeeltes soos 2 Korintiërs 5:10 en Openbaring 20:11-15 dat *die bestemming van menseers bepaal word op die laaste oordeelsdag.*

2. Bybelse argumente teen die tweede kans teorie.

(1) Die ewige bestemming van 'n mens word bepaal

deur sy geloof en sy lewe as gelowige terwyl hy nog op hierdie aarde leef!

Die geloof en die werke van 'n mens wat hy gedoen het in sy liggaam op hierdie aarde bepaal sy ewige bestemming. Die gebeure in die tussentoestand tussen sy dood en sy opstanding het absoluut geen invloed daarop nie.

Johannes 3:18-21,36 leer dat die ewige bestemming van mense afhang van hulle verhouding tot Jesus Christus tydens hulle lewe op hierdie aarde. In Johannes 3 gaan dit oor wat mense met Jesus Christus doen in hierdie teenwoordige wêreld. Die mense wat nie in Hom glo nie is alreeds veroordeel (verdoem)! Mense wat Hom verwerp sal die ewige lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hulle!

Die ewige bestemming van 'n mens word bepaal deur hoe hy op hierdie teenwoordige aarde geleef het. In Matteus 7:22-23, 10:32-33 en 25:31-46 leer Jesus duidelik dat die doen van God se wil, om Jesus te erken (bely) voor die mense op hierdie aarde en die doen van barmhartige werke die ewige bestemming van mense bepaal! Natuurlik word mense nie deur hulle goeie werke geregverdig (verlos) nie, maar deur die doen van God se wil. En die wil van God is dat mense glo in Jesus Christus as hulle enigste Verlosser en Here (Johannes 6:29). Hulle werke sal aantoon of hulle geloof opreg is of nie (Jakobus 2:14-22). Op die laaste oordeelsdag sal die aanbeveling en beloning van Jesus Christus of sy veroordeling en straf afhang van wat 'n mens gedoen het met die vermoëns en geleentheid wat aan hom toevertrou was hier op hierdie aarde (Matteus 25:21,30; 2 Korintiërs 5:10; Openbaring 20:11-15). By die laaste oordeel kry niemand 'n tweede kans om in Jesus Christus te glo nie, maar word sy ewige bestemming in die openbaar aangekondig! Die mens se ewige bestemming word alleen bepaal deur sy geloof en sy lewe as gelowige terwyl hy nog op hierdie teenwoordige aarde geleef het!

(2) Die ewige staat (posisie) van 'n oorlede mens lê al vas.

Jesus het geleer dat God die goddelose of onregverdige mens onmiddelik by sy dood veroordeel en straf (Lukas 16:19-23). Die apostel Petrus leer dat God die (verdoemde) onregverdige mens bewaar tot die dag van die oordeel om gestraf te word. Hulle word vasgehou of bewaar vir 'n definitiewe doel en vir 'n definitiewe periode. Na hulle liggaamlike dood word hulle gestraf en ly hulle tot die laaste oordeelsdag (2 Petrus 2:9). Na die laaste oordeelsdag word hulle lyding maar net erger. Dan sal hulle ly onder die bykomende skande wanneer God hulle verdoemenis in die openbaar afkondig voor alle mense wat ooit geleef het. Dan sal hulle die pyniging van die hel nie net in hulle gees (siel) ervaar nie, maar ook in hulle liggaam (Matteus 10:28; 25:41,46)! Dan sal hulle die ewige liefde en sorg van God moet mis (2 Tessalonisense 1:8-10). Vir hierdie mense word die diepste duisternis tot in ewigheid bewaar (Judas 7-13).

(3) Die tweede kans teorie is dikwels 'n rede om die evangelie nie te verkondig nie.

Die tweede kans teorie berooft die verkondiging van die evangelie van alle dringendheid! Die evangelie moet nou verkondig word sodat mense nou die geleentheid kry om te glo (Markus 16:15-16). Die evangelie moet voor die wederkoms van Christus in die hele wêreld verkondig word tot 'n getuienis vir alle volke (Matteus 24:14)!

(4) Die evangelie sal beslis nie verkondig word aan mense wat al gesterf het nie!

Die twee Bybelgedeeltes, 1 Petrus 3:18-22 en 1 Petrus 4:1-6, gaan nie oor dieselfde onderwerp nie en mag dus nie saam gebruik word om 'n tweede kans teorie te konstrueer nie! Nie een van die Bybelgedeeltes gaan oor die verkondiging van *die evangelie* aan gestorwe mense nie. Omdat hierdie twee Bybelgedeeltes dikwels misbruik word om die tweede kans teorie te bewys, word hulle nou in detail uitgelê.

3. Die tweede kans teorie word gebaseer op 'n verkeerde uitleg van 1 Petrus 3:18-22 en 1 Petrus 4:1-6.

(1) Die verkondiging aan mense in Hades.

Volgens die tweede kans teorie sê 1 Petrus 3:18-22 dat die gees (siel) van Jesus Christus tussen sy dood en sy opstanding *neergedaal het na die gevangenis* wat hulle uitlê as die onderwêreld (Hades), *die verblyfplek van die geeste van mense wat vóór die eerste koms van Christus gesterf het.*

(2) Die verkondiging van die evangelie.

Volgens die tweede kans teorie sê 1 Petrus 4:1-6 dat Jesus Christus die evangelie aan die geeste van gestorwe mense in Hades verkondig het, ten einde hulle 'n tweede kans te gee om gered te word.

(3) Die korrekte uitleg.

1 Petrus 3:18-22 praat nie oor die neerdaal van Jesus Christus na die onderwêreld nie, maar oor die triomfantelike opstyg van Jesus Christus na die hemel toe (sy hemelvaart)! Dit gaan nie oor die verkondiging van die evangelie nie, maar oor die verkondiging van sy finale triomf aan alle ongehoorsame mense.

1 Petrus 4:1-6 praat nie oor die verkondiging van die evangelie aan gestorwe mense nie, maar oor die verkondiging van die evangelie aan mense toe hulle nog op die aarde geleef het.

Daarom is die tweede kans teorie 'n valse leerstelling!

4. Die korrekte uitleg van 1 Petrus 3:18-22.

Die groot gebeurtenis wat in 1 Petrus 3:18-22 beskryf word, is die hemelvaart van Jesus Christus. Die hemelvaart van Jesus Christus is die verkondiging/proklamasie van sy oorwinning oor almal en alles in die heelal!

(1) Vers 18 praat oor die versoeningswerk van Jesus Christus deur sy dood en sy opstanding.

Toe Jesus Christus gesterf het, het Hy net na sy swak menslike natuur gesterf. Hy is “as mens doodgemaak” beteken dat Hy gesterf het toe Hy nog sy swak sterflike (Grieks: vleeslike) natuur gehad het, belas met die sondes van die wêreld (Romeine 1:3). Deur sy dood het Jesus Christus sy swak menslike natuur afgelê en het Hy elke band met die sonde en die dood verbreek. By sy sterwe het Hy sy menslike gees toevertrou in die hande van sy hemelse Vader (Lukas 23:46). Dus, toe Jesus gesterf het, is sy liggaam in die graf neergelê en was sy menslike gees in God se teenwoordigheid. Nêrens in die Bybel lees ons dat die menslike gees van Jesus neergedaal het na Hades, wat uitgelê/verklaar word as die onderwêreld of die hel nie!

Toe Jesus Christus uit die dood opgestaan het, het net sy menslike natuur uit die dood opgestaan. Hy is “deur die Gees lewend gemaak” beteken dat sy menslike liggaam deur die Heilige Gees (d.w.s. deur sy Goddelike Natuur)(Johannes 10:17-18) uit die dood opgestaan het.

Na sy opstanding was sy menslike liggaam ‘n *verheerlikte en volledig deur die Heilige Gees beheerde liggaam* (Romeine 1:4; Kolossense 2:9)! Vanaf daardie oomblik het Jesus Christus, na sy menslike natuur nie langer in die swakheid van die menslike natuur geleef nie, maar in die krag van die Heilige Gees. Vanaf daardie oomblik plaas God se onvergelyklike groot krag Jesus Christus aan God se regterhand bo alle magte in die heelal (Matteus 28:18; 1 Korintiërs 15:25; Efesiërs 1:20-23; Filippense 2:9-11; Openbaring 1:5).

(2) Vers 19-20 praat oor ‘Christus het gegaan’ en ‘Hy het verkondig’.

‘n Beter vertaling as ANV is, “Omdat ook Christus eenmaal vir sondes gelyk het (aoristus tyd) as die Regverdige vir onregverdiges, om julle *eens en vir altyd* (aoristus tyd) na God te bring. Hy is wel *eens en vir altyd* (aoristus tyd) doodgemaak as mens (letterlik: in sy vlees/menslike natuur) maar *eens en vir altyd* (aoristus tyd) lewend gemaak deur die Gees (sy Goddelike Natuur), deur Wie (die Heilige Gees) Hy ook *eens en vir altyd* (aoristus tyd) (na die hemel)(vers 22) gegaan het en *eens en vir altyd* (aoristus tyd) (sy triomf) openlik geproklameer/verkondig het (Grieks: *kérussó*) aan die geeste in die gevangenis.”

Die gaan van Christus was nie ‘n gaan vóór die opstanding nie, maar wel ‘n gaan ná die opstanding van Christus. Jesus Christus het deur die krag van die Heilige Gees opgestaan uit die dood. En in hierdie toestand van die opstanding het Hy êrens heen gegaan en iets verkondig!

Volgens vers 18-19, was die ‘gaan’ van Jesus nie ‘n gaan tussen die dood en die opstanding van Jesus nie! *Dit was nie ‘n gaan in die menslike gees van Jesus vóór sy opstanding nie, maar ‘n gaan in die verheerlikte opstandingsliggaam van Jesus ná sy opstanding uit die dood!*

Die gaan van Christus was nie ‘n gaan na benede nie, maar ‘n gaan na omhoog. Vers 22 sê dat Jesus nie na benede, na die onderwêreld van die geeste van gestorwe mense gegaan het nie, maar omhoog na die hemel tot aan die regterhand van God!

In Johannes 12:32 word die opstanding, hemelvaart en troonsbestyging van Jesus beskou as “‘n *verhoging tot God*”. In Openbaring 12:5 word dit beskou as “‘n *wegrukking* na God en na sy troon toe”. En in 1 Petrus 3:19-22 word dit beskou as “‘n *heengaan* na die regterhand van God in die hemel”!

Die verkondiging van Christus was nie ‘n verkondiging van die evangelie nie, maar ‘n verkondiging (proklamasie) van sy oorwinning. Die oorspronklike woord in vers 19 beteken eenvoudig ‘verkondiging’ (‘n proklamasie). Maar wat was die inhoud van hierdie verkondiging? In die oorspronklike teks behoort die woorde: ‘Hy het gegaan’ en ‘Hy het verkondig’ by mekaar. “Deur sy gaan” (Grieks: deelwoord) omhoog na die hemel “verkondig Hy” (hoofwerkwoord) iets aan die geeste van mense wat vroeër gesterf het en êrens gevange sit. Sy triomfantelike ‘gaan’ na die hemel toe (d.w.s. sy hemelvaart na sy dood en opstanding) was self ‘die verkondiging’ (proklamasie) van sy finale oorwinning. Vers 19 praat dus glad nie oor die verkondiging van die evangelie nie, maar oor die verkondiging/van sy triomfantlike hemelvaart as sy finale oorwinning oor almal en alles!

Die gaan van Christus was ‘n verkondiging gerig tot alle sorgelose en ongehoorsame wesens. Vers 19-20 sê dat hierdie verkondiging veral gerig was tot die geeste in die gevangenis wat God ongehoorsaam was in die tyd van Noag toe die ark gebou was. Wie is hierdie geeste in die gevangenis wat aan God ongehoorsaam was? Hulle is die geeste sonder liggame, van die mense wat omgekom het tydens die vloed en in die hel gevange gehou word. Genesis 6:5 sê dat hulle ‘n slegte generasie was en 1 Petrus 2:5 sê dat Noag ‘n prediker van geregtigheid was (AOV). Noag het God op sy Woord geneem en ‘n ark gebou, maar hierdie goddelose mense het sy prediking verag en sy waarskuwing oor die komende vloed verwerp. Hulle het nie sy prediking geglo nie en sy bou van die ark, wat ‘n sigbare herinnering was van die komende vernietigingsramp, verontagsaam. Vir ongeveer ‘n honderd jaar (1 Petrus 3:20; Genesis 5:32; 6:3; 7:6) het hulle God se geduld weerstaan. Maar toe die vloed gekom het, is die geloof (en gehoorsaamheid) van Noag in die gelyk gestel en die ongeloof (en ongehoorsaamheid) van hierdie goddelose generasie veroordeel (Hebreeërs 11:6).

Volgens Matteus 24:37-39 leer Jesus Self dat die mense in die dae van Noag, 'n *simbool is van alle sorgelose en ongehoorsame mense in die wêreld!* Daarom is die triomfantelike hemelvaart van Jesus Christus 'n verkondiging/aankondiging (proklamasie) van die triomf van Jesus Christus oor alle sorgelose, ongehoorsame en goddelose mense, ongeag of hulle vóór of ná die eerste koms van Jesus geleef het.

Dit is tegelyk 'n waarskuwing aan alle mense om hulle te bekeer! Uit ander Bybelgedeeltes weet ons dat die dood, opstanding, hemelvaart en troonsbestyging van Jesus Christus die verkondiging (proklamasie) van sy oorwinning (triomf) is oor alle bese geestelike magte (Efesiërs 1:20-22), soos die satan en sy demone (Johannes 12:31-32; Openbaring 12:5-9; 20:1,3,7), die onrein geeste (gevalle engele) (Lukas 8:31; Kolossense 2:15; 2 Petrus 2:4; Judas 6; Openbaring 9:1) en alle goddelose regerings in die wêreld (Psalm 2:8-12)! Die hemelvaart van Jesus Christus was die sigbare verkondiging van sy totale triomf!

(3) Vers 21-22 praat oor die opstanding, hemelvaart en troonsbestyging van Jesus Christus.

Die triomftog van 'n terugkerende Romeinse generaal in Rome, waarin sy gevangenes vasgeketting aan sy strydwa hom volg, is 'n *simbool* vir die triomftog van Jesus Christus in sy hemelvaart, waarin sy gevangenes Hom volg.

Volgens 2 Korintiërs 2:14 en Efesiërs 4:8 voer Jesus Christus alle Christene in die geskiedenis saam in sy triomftog. Hy het hulle oorwin deur sy liefde en genade wat in die evangelie verkondig word. Jesus Christus het eers uit die hemel neergedaal na die laagste plekke op die aarde (d.w.s. aan mense gelyk) om God te openbaar en versoening te doen vir sondes. Daarna het Hy van die aarde opgevaar na die hoogste plekke in die hemel (d.w.s. aan God gelyk) om alles tot volheid te bring (Filippense 2:6-11; Efesiërs 1:10). Daarom sê die Skrif: "Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee. Maar dít: Hy het opgevaar—wat beteken dit anders as dat Hy ook eers neergedaal het in die onderste dele van die aarde? Hy wat neergedaal het, is dieselfde as Hy wat opgevaar het bokant al die hemele, sodat Hy alles tot volheid kan bring" (Efesiërs 4:8-10). Die triomftog simboliseer dat Jesus Christus die sonde en die dood deur sy kruisiging en opstanding oorwin het. In sy triomfantelike hemelvaart toon Hy aan dat die koninkryk van die wêreld wat Hy met die mag van sy barmhartigheid en genade oorwin het!

Volgens Kolossense 2:15 voer Jesus Christus alle bese magte in die geskiedenis mee in sy triomftog. Die triomftog simboliseer dat Jesus Christus die magte van die duisternis deur sy kruisiging en opstanding oorwin het. In sy triomfantelike hemelvaart toon Hy aan die koninkryk van die wêreld alle bese magte wat Hy oorwin het en wat Hom nou as krysgesvangenes in kettings moet volg!

Volgens 1 Petrus 3:21-22 is alle goeie engele en alle bese geeste in die heelal en alle regerings op die aarde vrywillig of gedwonge aan Jesus Christus onderworpe! Jesus Christus is die Koning van alle konings en Here van alle heersers (Matteus 28:18; Efesiërs 1:20-23; Openbaring 17:14).

Volgens 1 Korintiërs 15:25 en Filippense 2:10-11 moet almal wie hul nie aan die triomf van die genade van Jesus Christus onderwerp het nie hulle eenmaal aan die triomf van die oordeel van Jesus Christus onderwerp!

5. Die korrekte uitleg van 1 Petrus 4:1-6.

Die gebeurtenis waaroor 1 Petrus 4:1-6 praat is die verkondiging van die evangelie aan mense toe hulle nog geleef het, maar al gesterf het toe Petrus sy brief geskryf het. Dit praat oor die verkondiging van die evangelie aan mense as hulle nog lewe in hulle liggame op hierdie aarde, sodat hulle verlos mag word en heilig kan lewe terwyl hulle nog in hulle liggame op hierdie aarde leef! Dit praat oor die noodsaaklikheid om nou geestelik in jou liggaam te leef ten spyte van die feit dat jou liggaam in die toekoms sal sterwe. 1 Petrus 4:6 sê: "Daarom is die evangelie immers ook verkondig aan dié wat nou dood is sodat, hoewel hulle as mense onder die oordeel was om na die liggaam te sterwe, hulle na die gees sou lewe soos God lewe." Hul menslike gees was al wedergebore (hulle het na die gees soos God gelewe), maar hul menslike liggaam moes nog sterwe (hulle moes nog geoordeel word om na die liggaam te sterwe).

(1) Vers 6 leer ons die doel vir die verkondiging van die evangelie.

Die werklike doel van die verkondiging van die evangelie aan mense is tweërlei: om hulle te kan verlos of om hulle te kan oordeel! Vers 3-5 sê dat mense wie voortgaan om in die sonde en immoraliteit te leef, veroordeel sal word (vergelyk 1 Johannes 3:6-9)! En verse 1, 2 en 6 sê dat Christene wat die res van hulle lewe op die aarde vir God leef, verlos sal word! Alle mense, Christene ingesluit, sal in die toekoms geoordeel word na die mens m.b.t. hulle menslike liggaam. Dit beteken dat hulle vernederde liggaam al veroordeel is om eenmaal te sterf, soos dit met alle mense op die aarde gebeur (Hebreërs 9:27). Christene moet na hulle menslike liggame sterf, want "vlees en bloed kan nie aan die koninkryk van God deel kry nie" (1 Korintiërs 15:50).

Maar alle mense wat positief op die evangelieverkondiging reageer sal "lewe na God m.b.t. hul menslike gees". Dit beteken dat Christene met hulle wedergebore (en vernede) menslike gees sal lewe vir God en Hom sal dien en aanbid ten spyte van die feit dat baie van hulle liggame sal sterwe in die vervolgings. Met hulle innerlike wese verbly hulle hul in God se Woord en God se weë (Johannes 4:23-24; Romeine 7:22,25). Saamgevat sal alle opregte Christene heilige lewens lei!

"Die evangelie is verkondig aan die wat nou dood is". Dit beteken dat mense wat die evangelie gedurende hulle lewe gehoor en geglo het, ondertussen in die vervolgings of op 'n natuurlike wyse gesterf het en al dood was toe die apostel Petrus hierdie brief geskryf het. Die feit dat hulle in Jesus Christus geglo het, toe hulle nog geleef het, het hulle nie van

'n ligamlike dood bewaar nie. Maar dit het hulle wel bewaar van die sonde en die ewige dood (die hel) en het hulle in staat gestel om 'n heilige lewe te leef te midde van die vervolgings!

(2) Vers 6 kan onmoontlik die tweede kans teorie leer.

Vers 6 kan nie beteken dat die evangelie aan die geeste van alle gestorwe mense in die onderwêreld of die hel verkondig word nie, omdat hierdie geeste geen liggame meer het wat kon sterf nie! Daarom is die enigste moontlike uitleg van die vers dat die evangelie aan mense verkondig is voordat hulle “na die mens geoordeel word om te sterf”, d.w.s. vóórdat hulle sterf! Die vers kan nie beteken dat die evangelie verkondig word aan mense nadat hulle al gesterf het nie, d.w.s. aan die geeste van mense wat al gesterf het, omdat hierdie geeste geen liggame meer het wat geoordeel kan word om te sterf nadat die evangelie aan hulle verkondig is!

Gevolgtrekking: Vers 6 leer glad nie dat die evangelie verkondig word aan die geeste van gestorwe mense in die onderwêreld of die hel nie.

Samevatting. Daar is geen bewys in die Bybel dat mense 'n tweede kans kry om die evangelie te hoor of om gered te word na hul liggaamlike dood. Die evangelie word net aan mense verkondig wat op die aarde lewe. Hulle ewige bestemming word bepaal deur hulle geloof of ongeloof gedurende die tyd wat hulle op die aarde leef. Daarom:

“Moenie roem oor wat jy môre verwag nie;
jy weet nie wat die dag sal oplewer nie” (Spreek 27:1)

“Die tyd het aangebreek (is vervul), en die Koninkryk van God het naby gekom.
Bekeer julle en glo die Evangelie” (Markus 1:15)!

“Nou is dit die regte tyd,
nou is dit die dag van redding (2 Korintiërs 6:2).